INHALATION:	LC_{50} rat	0.161 mg/L air – can cause irritation and damage to mucosal surface.
DERMAL IRRITATION:	(OECD 404)	Irritating to skin
EYE IRRITATION:	(OECD 405)	Risk of serious damage to eyes
SENSITISATION:	Guinea pig	Not a skin sensitizer
CHRONIC TOXICITY:	Oral dog	1 year – no target organs effects
PHARMACOKINETICS:	Dog	This material does not accumulate in body tissues.
MUTAGENICITY:		Non-teratogenic, non-carcinogenic, non mutagenic

- Aangesien besmetting van gesonde knole dikwels tydens die was- en sorteerproses plaasvind, word saniteringsmiddels (ontsmettingsmiddels) algemeen gebruik om aartappels te ontsmet om na-oesverrotting te beperk.
- Wat sê die Wet oor die gebruik van ontsmettingsmiddels op aartappels wat bestem is vir die varsmark?
  -Middels wat registrasie onder Wet 36 van 1947 geniet, is nie vir gebruik as ontsmettingsmiddel geregistreer nie.
  -Ontsmettingsmiddels word deur Wet 29 van 1993 gereguleer. Sien die Staatskoerant 19999 van 14 Mei 1999.
- Aangesien sommige onsmettingsmiddels nadele kan inhou vir die mens se gesondheid, behoort sulke middels te voldoen aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard 1853. Tans is dit nie verpligtend dat 'n ontsmettingsmiddel aan die srtandaard voldoen nie, maar verantwoordelike voorsieners gaan die moeite en koste aan om te verseker dat hul middels veilig is vir menslike gebruik.
- Om seker te maak dat 'n middel veilig is vir vars aartappels, vra die voorsienner vir 'n "MSDS"-sertifikaat. Sien voorbeeld elders in die artikel.

Reeks oor na-oesverrotting van aartappels

VI: Beheer van na-oesverrotting begin op die land

Dr. Fienie Niederwieser (Bestuurder: Navorsing & Ontwikkeling, Aartappels Suid-Afrika)

'n Knol waarvan die skil nie geset het nie, is baie dun en beskadig uiters maklik

In die eerste artikels in hierdie reeks, is die oorsaak van na-oesverrotting en die belangrikheid van genoegsame Ca in die knol- en skilweefsel beklemtoon. In artikels in die vorige Chips-uitgawe is die belangrikheid van goeie praktyke in die pakhuis en die gebruik van ontsmettingsmiddels om besmetting deur sagtevrotbakterieë te beperk, bespreek. In hierdie artikel, word die effek van klimaatstoestande voor en tydens oes en oespraktyke as risiko ten opsigte van na-oesverrotting vir 'n bepaalde aanplanting bespreek.

Na-oesverrotting word deur sagtevrot-patogene veroorsaak. In Suid-Afrika is bevind dat hoofsaaklik *Pectobacterium* species voorkom. *Pectobacterium* vermeeder baie vinnig wanneer daar 'n bron van die bakterieë voorkom, die temperatuur hoog is en baie reën voorkom voor oes. Grond wat met verrottingsbakterieë besmet is, sit aan knolle vas tydens oes. Wanneer die skil beskadig word, vestig die bakterieselle hulself in weefsel. Die bakterieselle kan dan verrotting veroorsaak, of hulle kan latent in die wonde oorleef totdat toestande vir sagtevrot gunstig is. Besmette knolle dien as besmettingsbron vir onbesmette knolle tydens die was- en sorteerproses. Na-oesverrotting is veral 'n probleem onder warm weer toestande omdat Pectobacterium selle baie vinnig by hoë temperatuur vermeerder. Verrotting versprei

vinnig in waswater wat nie gereeld vervang word nie of wanneer die ontsmettingsmiddel nie effektief is nie *(Sien Chips Sept/Okt 2014, pp. 46-48)*.

Besmetting van beskadigde knolle vind baie maklik plaas deur die wonde of lentiselle waar verrottingsbakterieë wat in die nat grond teenwoordig is. Deur meganiese beskadiging te beperk, word die risiko vir verrotting beperk omdat die besmettingsbron tydens hantering verlaag word. Beperking van meganiese beskadiging moet egter gepaard gaan met ander maatreëls.

Knolle is meer geneig om te kraak en meganies te beskadig as hulle 'n hoë waterinhoud het (hoë turgordruk) en hul temperatuur laag is, <10°C.

Optimale grondwatervlak is 60-65% van beskikbare grondwater. Indien toestande dit toelaat, staak besproeiing betyds. Dit sal nie net lei tot 'n meer gunstige vogstatus van knolle nie, maar ook toelaat dat die skil behoorlik set.

Grond wat te nat is (veral kleigronde), is geneig om aan knolle vas te sit wat die wasproses bemoeilik en die grondlading in die waswater verhoog.

Grond wat te droog is, kan klonte vorm wat die oesproses bemoeilik en lei tot meganiese beskadiging van knolle. 'n Ligte besproeiing 2 tot 3 dae voor oes, kan hierdie probleem aanspreek.

In die winter wanneer temperatuur <10°C is, is dit wys om nie vroeg in die oggend te oes nie, maar eers wanneer die temperatuur gestyg het. Moet nie geoeste knolle buite laat nie en vermy ook gradering en vervoer van aartappels wanneer die temperatuur baie laag is.

Kultivars verskil in hul geneigdheid om te kraak. Waar produksie hoofsaaklik in die winter plaasvind, word aanbeveel dat hierdie eienskap van nuwe kultivars getoets word. Kultivars met 'n hoë droëmassa, is meer geneig om te kraak as kultivars met 'n laer droëmassa.

Knolle met volwasse, ferm skille, beskadig baie minder as knolle waarvan die skil dun en onverkurk is wanneer hulle geoes word. In warm weer neem dit ongeveer tien dae vir die skil om behoorlik te set. By lae temperatuur moet meer tyd toegelaat word voordat die knolle geoes word.

- Wet conditions coupled with warm weather increase the risk of post-harvest decay, as soft rot bacteria multiplies very fast under such conditions.
- To reduce the spread of *Pectobacterium,* reduce mechanical damage by allowing skin to set before harvest and when the soil water content is 60-65%.
- As tubers tend to crack at temperature <10°C, postpone harvest and sorting of tubers to later in the day when it is warmer.
- If harvesting is during winter, use cultivars less prone to crack.
- Make sure the potato lifter is set correctly.
- Do not allow workers to walk or sit on harvested tubers.
- If black dot/silver scurf occurs in a field, harvest as soon as skin has set to reduce mechanical damage.

Sorg dat die uithaler reg gestel is. Die lem moet diep genoeg gestel wees om die wortels onder die knolle af te sny. Die grondspoed van die uithaler moet in pas wees met die spoed van die kettings sodat knolle op 'n kussing van grond oor die kettingstawe beweeg. Aan die ander kant, moet daar nie te veel grond saam met knolle op die stawe beweeg nie aangesien klippe en gruis knolle beskadig.

Waar knolle met die hand opgetel word, is die risiko van meganiese beskadiging laer as wanneer knolle met outomatiese uithalers geoes word. Werkers moet nie op die vrag aartappels loop of sit op pad na die pakhuis nie aangesien die knolle interne skade kan opdoen wat nie ooglopend is nie en dus word sulke knolle nie verwyder tydens die sorteerproses nie. Die interne kneusing maak sulke knolle egter vatbaar vir verrottingsorganismes.

Die afstand wat aartappels val en die oppervlak waarop hulle val moet by elke stap van die oesproses aandag geniet. Vervang hout- en metaaloppervlakke met absorberende materiaal en beperk die valhoogte tot 'n maksimum van 50 cm. Sorg dat vervoerbande teen maksimum kapasiteit werk sodat knolle so min as moontlik rol.

Om vas te stel waar in die proses van oes tot verpakking meganiese beskadiging plaasvind op 'n spesifieke plaas, kontak Aartappels Suid-Afrika se streekbestuurder in u gebied om met behulp van die "Impact Recording Device" (IRD) vas te stel waar die risiko lê (sien artikel op p. 34 in hierdie uitgawe van CHIPS)

Indien swartspikkel/silwerskurf in 'n land voorkom en die oes uitgestel word, is daar 'n groot moontlikheid dat knolle meganies beskadig word met oes. Die rede is dat die patogeen tussen die skil en die onderliggende weefsel voorkom sodat die skil baie maklik los raak. Beide die aantal besmette knolle en die persentasie oppervlak wat besmet word, neem toe hoe langer knolle in die grond bly. In sulke gevalle is dit wys om te oes sodra die skil geset het en om te verseker dat ontsmetting van knolle voor sortering optimaal geskied.

'n Knol wat met swartspikkel/silwerskurf besmet is, raak baie maklik beskadig

THE POTATO SKIN AND SKIN SET

Article and photos: Dr Fienie Niederwieser, Potatoes South Africa

The role of the potato skin, also known as the periderm, is often overlooked. However, just as the human skin, the potato periderm has a very important role to protect the tuber against excessive moisture loss and infection by pathogens.

The universal requirement for a tuber pathogen to infect tuber tissue is the presence of moisture. If the skin is damaged, the tuber's natural defence mechanism is removed. In addition, moisture and nutrients are made available to the pathogen. Fusarium dry rot pathogens enter the tuber through wounds. Without the protection of the intact skin, infection by soft rot pathogens occurs so much easier.

Just after initiation, small tubers are protected by the epidermis which is coated by the waxy cuticle (just like leaves and young stems). Under the epidermis is the cork cambium cell layer which divides to form cork cells and the phelloderm that provide the energy and metabolites required for cell division in the phelloderm.

On tubers that are bulking, the epidermal cells are sloughed off and the phelloderm and cork cambium cells divide actively to keep up with the increasing tuber surface and, at the same time, to increase the layers of cork cells. At this stage the cell walls of the cork cambium are very thin.
After foliage die-off, tuber bulking ceases, the cork cambium cells become inactive, the walls become thick and are not easily broken and all the cells of the skin become suberized and die. Thus the skin "sets".





When tubers are harvested and handled before the skin has set, the skin slips off extremely easily because the cork cambium cells have very thin walls and gives way under mechanical pressure.

Tubers should not be handled before the cork cambium becomes inactive and the cell walls became thick. In other words, leave tubers in the soil until the skin has set: The following factors have an effect on skin set:

- Crop maturity. The skin of bulking tubers does not set as fast as that of mature tubers.
- Soil moisture. A general recommendation is soil moisture levels of 60 – 65%. A light irrigation, two to three days before harvesting, may be applied when the soil is very dry.
- Cultivars. Under similar harvesting practices, tubers with high dry matter content tend to bruise more readily than tubers with low dry matter content.
- Temperature. It is not possible to control soil temperature, but keep in mind that skin set in cold soil is slower than in warm soil.

Tubers respond to wounding by forming a new layer of phelloderm and cork cambium so that a new skin, complete with a protective layer of cork cells, is formed within 10 to 14 days.

Stimulate wound healing by maintaining favourable conditions:

- Make sure that ventilation is adequate so that oxygen remains available, and CO_2 is removed.
- Wound healing is slow if temperature is low.
- If tubers remain covered by a layer of moisture during wound healing, it may create conditions favourable for infection by soft rot organisms before the protective cork cell layer can be formed.

It is particularly important to promote wound healing on seed tubers as they will normally be stored for months before being sold.

If silver scurf/black dot occurs in a field, tubers should be lifted as soon as possible after skin set. The silver scurf/black dot pathogens grow in the potato skin and cause silvering and separation of the cell layers, thus causing the skin to slip-off very easily, even after the tubers were allowed to set skin. If tubers are left in the field for prolonged periods, the pathogens will continue to grow on the skin and cause large blemishes that may result in down grading on the market. In addition, if tubers were not dried properly after grading soft rot pathogens can enter the wounds and cause rotting.

Where silver scurf/black dot may occur on seed tubers, effective seed treatment is available. It is important to apply the seed treatments as soon as possible after lifting to limit growth of the pathogen in the skin during storage. Ware potatoes should be marketed as soon as possible.



Silver scurf/black dot pathogens occur in the skin of the potato and cause the skin to slip very easily, even after the tubers were allowed to set skin before harvest.

Vergrote lentiselle kan na-oesverrotting vererger

Dr. Fienie Niederwieser (Bestuurder: Navorsing en Ontwikkeling, Aartappels Suid-Afrika)

Verhewe, wit weefsel op die oppervlak van knolle. Die grootte kan wissel van onopvallend tot groot. Wanneer knolle uit nat grond gehaal word, is die verhewe weefsel wit, maar verkleur wanneer dit droog word. In warm weer begin sagtevrot dikwels in vergrote lentiselle en kan verrotting waargeneem word as donker weefsel rondom lentiselle.

Onder normale omstandigheide is lentiselle klein, verkurkte openinkies wat gaswisseling toelaat. Vergrote lentiselle word gevorm onder toestande van 'n tekort aan suurstof en oormatige vog in die grond rondom die kolle, of in opberging omdat die selle onder die lentiselle swel en die massa-selle deur die verkurkte lagie breek. Omdat knolweefsel nie meer deur 'n kurklagie beskerm word nie, is vergrote lentiselle dikwels die plek waardeur sagtevrot die knol besmet.

Vermy lande wat geneig is tot versuiptoestande. Vermy oorbesproeiing twee weke voor oes deur te besproei wanneer 40 – 50% van die plantbeskikbare water gebruik is. Indien knolle met vergrote lentiselle wel geoes word, moet hulle so gou moontlik gedroog word. Oes knolle in versuipkolle apart van ander dele waar moontlik, maak seker dat sanitasie tydens die wasproses optimaal is en dat knolle so vinnig moontlik en goed gedroog word voor verpakking. Wanneer chloor gebruik word as saniteerder in die wastenk, moet waswater gereeld vervang word en moet die pH by 6-7 gehou word.

Vergrote lentiselle op die knol

Vergrote lentiselle op die knol

Duimnaelkrake van nader bekyk

Dr. Fienie Niederwieser (Bestuurder: Navorsing en Ontwikkeling, Aartappels Suid-Afrika)

Meganiese impak manifesteer dikwels as duimnaelkrake op aartappelknolle. Die kraak in die skil lyk asof dit met 'n duimnael gemaak is en vandaar die naam 'duimnaelkrake'. Die krake kan ontstaan na 'n ligte impak of besering en kom aanvanklik net in die periderm (skil) van die knol voor, sonder kneusing van die onderliggende weefsel. Aartappelknolle is veral geneig om te kraak as die temperatuur van die weefsel <10°C is. Wanneer knolle daarna aan lae humiditeitstoestande blootgestel word, droog die weefsel onder die krake uit en raak die duimnaelkrake maklik waarneembaar wat tot kwaliteitsverlaging kan lei. Duimnaelkrake verleen ook aan sagtevrotbakterie 'n toegangsroete na die knolweefsel.

'n Span navorsers in Duitsland het onlangs die oorsake van hierdie duimnaelkrake bestudeer en hul resultate tydens die 19de Konferensie van die European Association for Potato Research (EAPR) gerapporteer. Die span het knolle van agt kulitvars wat koelopgeberg was, aan beheerde beskadiging blootgestel en gevind dat kultivars verskil in hul geneigdheid tot duimnaelkrake. Hierna het hulle die verskille in die eienskappe van die skil en onderliggende weefsel van die agt kultivars ondersoek.

Duimnaelkrake op aartappelknol

Die inhoud van selwandmateriaal in die periderm van sensitiewe kultivars was hoër as by tolerante kultivars. Verder is ook bevind dat die Mg- en Ca-inhoud van selwande van die periderm en onderliggende weefsel van tolerante kultivars hoër is as by sensitiewe kultivars. Die verklaring daarvoor is dat beide Ca en Mg belangrike komponente van pektien is. Ca en Mg dra dus by tot die elastisiteit en jellie-agtigheid van pektien - die verbinding wat selle aanmekaar hou.

Om die voorkoms van duimnaelkrake te voorkom, moet aartappels nie geoes of hanteer word as dit koud is nie. Die temperatuur van aartappelweefsel moet >10°C wees. Verder moet die gewas optimale bemesting ontvang om sorg te dra dat genoeg Ca en Mg in die selwande teenwoordig is.

Meyer, KP.; Hofferbert, H-R; Peters, R & Pawelzik, E 2014. Book of Abstracts – Proceedings of the 19th Conference of the European Association for Potato Research (EAPR) 283.

Thumb nail cracks often form when cold tubers (internal temperature < 10°C) are handled. A German team used eight cultivars in a study and found that:

- Cultivars differ in their tolerance to crack.
- The cell walls of sensitive cultivars contained less Mg and Ca than the cell walls of tolerant ones.
- Mg and Ca are important constituents of pectin. Pectin makes cell walls more elastic and less prone to crack.
- To reduce the incidence of thumb nail cracks, do not handle tubers when it is cold, grow tolerant cultivars and make sure that the fertilizer programme is balanced.

"Impact Recording Device" word ingespan om meganiese beskadiging te beperk

Artikel en foto's: Albert Boneschans

Afgradering weens meganiese skade maak 12% uit van alle afgraderings op varsproduktemarkte en produsente verloor ongeveer 839 000 sakkies as gevolg van afgradering. Dit is gelykstaande aan 'n verlies is van R1.5 tot R2.00 per sakkie, 'n verlies van R1 678 000 per jaar vir die produsente.



In die afgelope vyf jaar het Aartappels Suid-Afrika se streekbestuurders die "Impact Recording Device" (IRD) gebruik om aartappelprodusente te help om vas te stel waar in hul verpakkingsproses meganiese beskadiging plaasvind. Die IRD's is by 173 pakstore en 67 uithalers in al die produksiestreke vir hierdie doel ingespan.

Gedurende die toetse is daarin geslaag om die impakte waaraan aartappels tydens die verpakkingsproses blootgestel word, te identifiseer en die nodige aanbevelings te maak. Deur klein praktiese veranderinge aan die toerusting aan te bring wat die impak op aartappels kan verminder of beperk, het talle boere daarin geslaag om meganiese beskadiging te beperk.

Die vernaamste plekke waar skade voorkom:

- Valsorteerder "Drop sizer" (Op en deur val).
- Waar knolle op yster val (Rollers).
- Waar die val van een tafel na 'n ander te hoog is.
- As die sorteerder se spoed te vinnig is.

Baie min skade het op uithalers voorgekom, omdat meeste uithalers, veral die massa-uithalers, met 'n IRD toegerus word. Verdere toetse is ook gedoen op 'n sleepwa van die land af na die pakstoor en die IRD het hier ook min skade aangetoon. Let daarop dat bogenoemde egter van plaas tot plaas kan verskil.

Die foto is geneem waar aartappels vanuit die voerbak op die vervoerband op pad is na die wasmasjien.

Gewaste aartappels op pad na die valsorteerder (drop sizer).

Vervoer van aartappels van die valsorteerder (drop sizer) na die Groot-groottegroepsorteertafel. Dit dui die valle op die “groot” sorteertafel aan waar daar moontlike meganiese beskadiging kan plaasvind.



Valle soos hierdie en hoër, kan meganiese skade op aartappels veroorsaak.

In compiling the information contained in this publication, Potatoes South Africa has used its best endeavours to ensure that the information is correct and current at the time of publication. However, no representation is made or warranty given as to the completeness or accuracy of such information. In particular, you should be aware that information may be incomplete, may contain errors or may become out of date.

Information provided is not intended to convince or influence the user thereof to come to a particular conclusion, and decisions made based on such information are the sole responsibility of the user of that information You should therefore verify all information before you act upon it, and Potatoes South Africa and its employees, agents and consultants do not accept any legal liability for your decisions and resultant consequences thereof. By using or relying on this information, you indemnify Potatoes South Africa and its employees, consultants and agents from any loss or damage (including indirect, special or consequential loss or damage) resulting from the use of or reliance of such information, whether or not caused by any negligent act or omission.

Any expressions of opinion, claim and statement of supposed facts in this publication do not necessarily reflect the views of the staff or management of Potatoes South Africa. This publication and its contents are subject to copyright under the laws of South Africa and, through international treaties, other countries. The copyright is owned by Potatoes South Africa, or in the case of third party materials, third parties.

You may use the information in this publication only for your own information, research or study. You may not copy, reproduce, transmit, adapt or otherwise exercise the copyright (in whole or in part) of this publication for any commercial or other purpose without the express written consent of Potatoes South Africa, and may only do so subject to the conditions to which such consent is given.

Met die saamstel van die inligting wat in hierdie publikasie vervat word, het Aartappels Suid-Afrika ten beste gepoog om te verseker dat die inligting ten tyde van publikasie korrek en relevant is. Daar word egter geen vertoë gerig of waarborge verskaf oor die volledigheid of akkuraatheid van sodanige inligting nie. U moet veral bedag wees op die feit dat onvolledige inligting weergee kan word, dat die inligting foutief kan wees of dat dit verouderd kan wees.

Die doel met inligting wat verskaf word is nie om die gebruiker te oortuig of te beïnvloed om tot 'n bepaalde gevolgtrekking te kom nie en besluite wat op grond van sodanige inligting geneem word, word geneem op die uitsluitlike verantwoordelikheid van die gebruiker van sodanige inligting. Dit is dus gerade om alle inligting te verifieer voordat u daarvolgens handel en Aartappels Suid-Afrika en sy werknemers, agente en konsultante aanvaar geen wetlike aanspreeklikheid vir besluite wat deur u geneem word en die gevolge wat daaruit voortspruit nie. Indien u sodanige inligting gebruik of daarop reken, vrywaar u Aartappels Suid-Afrika en sy werknemers, konsultante en agente van enige verlies of skade (insluitend indirekte, spesiale of gevolglike verlies of skade) wat voortspruit uit die gebruik van sodanige inligting of deur daarop te reken, ongeag of dit deur enige nalatige handeling of versuim veroorsaak is.

Menings wat uitgespreek word of aansprake en verklarings van veronderstelde feite in die publikasie, weergee nie noodwendig die standpunte van die personeel of bestuur van Aartappels Suid-Afrika nie. Die publikasie, tesame met die inhoud daarvan, is onderhewig aan wetgewing op kopiereg in Suid-Afrika en ingevolge internasionale verdrae, ook aan dié van ander lande. Kopiereg word voorbehou deur Aartappels Suid-Afrika, of in gevalle waar materiaal aan derde partye behoort, besit hulle die kopiereg daarop.

U mag die inligting vervat in hierdie publikasie slegs gebruik vir eie inligtingsdoeleindes, navorsing of studie. U mag die kopiereg van hierdie publikasie (geheel of gedeeltelik) nie reproduseer, oordra, wysig of dit gebruik vir enige kommersiële of ander doel sonder die uitdruklike skriftelike toestemming van Aartappels Suid-Afrika nie en dit mag slegs gedoen word onderhewig aan die voorwaardes waarop sodanige toestemming verleen is.

potatoes
aartappels SA

www.potatoes.co.za